Pretoria is weer Pretoria

MARIECHEN WALDNER IN PRETORIA
mwaldner@citypress.co.za

Pretorianers woon weer in Pretoria ná 'n week van regsdrama rondom 'n slinkse poging om die stad se naam te verander.

Die naam Pretoria is die mees omstrede en emosioneel gelaaide item op die regering se lys vir naamsveranderinge.

Dít kan wees hoekom me. Lulu Xingwana, minister van kuns en kultuur, die verandering 'n week gelede in die *Staatskoerant* bekend gemaak het, maar nagelaat het om dit aan Pretorianers en die media te kommunikeer.

Minister Lulu Xingwana

Die meeste van die inwoners van die stad, die administratiewe hoofstad van Suid-Afrika, het daarom nie geweet hulle was 'n volle sewe dae lank inwoners van 'n plek wat die minister as Tshwane, " 'n stad in Gauteng", afgekondig het nie.

Pretoria het sy naam Vrydag teruggekry deur 'n amptelike kennisgewing in *Staatskoerant* no. 32916.

Dié kennisgewing het die naamsverandering teruggetrek wat die vorige Vrydag in *Staatskoerant* no. 32898 gepubliseer is.

Die flaters het die vorige dag begin met die kansellering van 'n mediakonferensie waar mnr. Paul Mashatile, adjunkminister van kuns en kultuur, met die media sou praat.

Joernaliste is per e-pos laat weet van die kansellasie weens "tegniese aspekte wat verdere aandag nodig het voordat enige uitsprake oor naamsveranderinge gemaak kan word".

Joernaliste is nie ingelig dat die omstrede verandering die volgende dag in die *Staatskoerant* afgekondig sou word nie.

Ook het die departement se woordvoerders verder tot die misleiding bygedra deur medianavrae te ontduik oor of Pretoria se naam op die lys was wat by die gekanselleerde mediakonferensie bespreek sou word.

Die media het die kennisgewing Dinsdag in die *Staatskoerant* ontdek.

AfriForum, die burgerregteorganisasie wat 'n prokureursbrief op die minister beteken het twee dae voordat die naamsverandering afgekondig is, is "verheug" oor die terugtrekking.

Die organisasie het die eerste waarskuwing met nog een opgevolg nadat dit bekend geword het dat die minister probeer het om die kennisgewing in die *Staatskoerant* in te glip.

AfriForum se tweede brief het die minister gewaarsku dat hy 'n dringende hofbevel sou aanvra om die naamsverandering tersyde te stel indien dit nie teen Vrydag teruggetrek is nie.

Mnr. Kallie Kriel, uitvoerende direkteur van AfriForum, het Xingwana gister bedank "dat sy grootmoedig genoeg was om die naamsverandering terug te trek".

Kriel het bygevoeg dat hulle die situasie fyn dophou en dat AfriForum se regspan gereed staan vir enige gebeurlikheid.

Volgens hom moet twee dinge gebeur voordat 'n naamsverandering vir Pretoria oorweeg kan word.

Eerstens sal Pretoria se naam die fokus wees van 'n saak wat op 25 en 26 Maart in die hooggeregshof in Pretoriase aangehoor word om regsekerheid te kry oor AfriForum se argument dat 'n munisipale naam nie 'n geografiese naam is nie. Tweedens is Pretoria se stadsvaders wetlik verplig om Pretorianers oor 'n naamsverandering te raadpleeg, sê Kriel.